Rietvallei

Klein Paradys Nylstroom

17 TOT 19 SEPTEMBER 2021

Gewoonlik duur ‘n naweeksaamtrek maar sowat 42 uur en dis nie eers 2 dae nie. Kan ‘n mens dit nie dalk ‘n bietjie rek nie? Sê nou maar jy kan ‘n senior burger saamtrek voor aan las en nog miskien ‘n rondstaan kuier nog voor die senior burger saamtrek las. As mens dan ‘n oorstaan-tot-Maandag byvoeg, rek die Bosveld ondervinding tot 6 dae. Dit klink bietjie beter! Die lekkerte van so ‘n plan is ondermeer dat mense aansluit en vertrek soos dit gerieflik is.

Die saamtrekkery het Dinsdag begin, toe Bertus en Dalena met vriende en bure hulle staan kom maak het. Dis jammer Standerton is so ver, anders kon mens dalk meer van Suid Oos se mense te siene gekry het. Dit is ‘n nuwe dat die gaste en besoekers eerste op terrein kom. Dit het natuurlik die byvoordeel dat mens, as jy nou ‘n besoeker is, in jou eie tyd kan opslaan en dan so vanuit ‘n kampstoel gewoond en bekend kan raak met en aan die Rietvalleiers, soos hulle een na die ander aankom. (Karien van Bossie het Vrydag gesê daar is veel te veel mense om al die name onder die knieg te kry.) Lekker om te sien dat buurman Francois intussen sy eie wa aangeskaf het. Geniet die wa, Francois! (Ons het verneem dat Francois intussen na vorms begin vra het.)

Die hoofbestandeel vir ‘n senior burger saamtrek is natuurlik seniors; 7 waens van die soort en dan nog ‘n gewone lid of wat om ‘n 10-wa saamtrek te hou. Elmarie was rigtingwyser vir die senior burger saamtrek en tussen haar en Pieter het hulle die boekevat hanteer en ons verras met ‘n welkom-beskuit; keurig verpak en aangebied.

Mens kan die indruk kry dat die ou spul net daar rondsit en gesels en dit is deels waar. Tenminste een trui het goed gevorder, honderde kolletjies is geplak en dan kon mens ook die blare dophou wat soos ’n klomp skoolkinders voor jou wa verby huppel, al ritselend en vrolik. Die mense wat weet hoe om met kinders te werk het blare so nou en dan vermaan om weg te bly van die “geboue”; maar net soos met kinders, was die blare gou weer terug. Faan en Suzette Rabie het kom oë wys en dit was lekker om hulle weer te sien.

‘n Paar oorde in die omgewing is bekyk om te sien of daar nog bruikbare oorde hierlangs is. Die oorde wissel ook maar in kwaliteit en prys en daar is beslis potensiaal. Die afstand van Pretoria is ongetwyfeld ‘n negatiewe faktor, anders sou mens waarskynlik meer gereeld in hierdie omgewing kon kamp.

Hoe gemaak om die eintlike kamp af te skop as die voorlooper rondstanery reeds so suksesvol was? Laat dit aan Dalena en Bertus oor om in ‘n oogwink sommer ‘n hoop en meer plaatkoekies te bak en voor te sit met allerhande lekker konfyte en kase en dinge.

Daarna het ons vriendin ‘n skattejag aangebied; regtig baie goed beplan. Sy het ‘n skat van baie groot praktiese waarde versteek en so almal oortuig om deel te neem aan die soektog. Die skattejag was baie suksesvol, want vir ‘n tyd lank het ieder en elk kop-onderstebo geloop en soek na dié skat van groot praktiese waarde. Ongelukkig was die skat nêrens te vinde nie en het iemand ‘n duplikaat-skat aangebied, om die praktiese deel van die probleem op te los. Ook net betyds, sodat Pieter en Magdaleen hul hoenderburgers en preggo-rolle kon voorsit; smaaklik en goed voorberei soos gewoonlik.

Intussen het ‘n groen trapsuutjies versigtig aan die suidekant van die kamp verbygeglip – ongesiens; het hy seker gedink.

Saterdag het slegs een item op die kampinligtingstuk aangedui: Buurmanbraai. Daar was genoeg tyd om voor 06:00 in die swembad te wees, ‘n groot ontbyt te maak, bokmelkkaas te gaan soek anderkant Weesgerus, by elkander uit te kom om te verneem na die wedersydse welstand, weer te gaan swem, rugby te kyk by Chris se wa en nóg oorde te takseer. Daar was spesifiek ook tyd vir die persoonlike boekevat, soos tevore besluit en wat tans op “proefbasis” probeer word. Dit is nog ‘n nuwigheid en blyk redelik suksesvol te wees. Een van die voordele daarvan wat ons beleef het, was die self opsoek en in konteks bring van die skrifgedeeltes, gevolg deur refleksie.

Sondagoggend moes die rolprentakteurs ongelukkig baie vroeg opstaan, opslaan en vertrek om betyds te wees vir ‘n voormiddag afspraak in Pretoria. Die vermeende tekort aan rys in daardie deel van die kampterrein die vorige aand, het dit nie makliker gemaak nie. Gelukkig dat daar ‘n wa met rys naby was.

Johan van Zyl het ‘n opname van ‘n ateljeediens beskikbaar gestel vir die “kerkdiens”.

Pieter Vljoen het die toekennings gemaak, bedankings gedoen en die byeenkoms afgesluit. Daar was ‘n totaal van 13 waens, waarvan 4 “Alles-behalwe” gewone lede, 6 “Senior Burger” lede, 2 besoekers uit Streek Suid-Oos (Standerton omgewing), 2 besoekers uit die voorsitter se familie en 1 “appliserende” gas; 32 mense in totaal. Die byeenkoms was dit eens dat daar vele hoogtepunte tydens byeenkoms was. Pieter het almal bedank vir hul teenwoordigheid en bydraes om die byeenkoms ‘n sukses te maak. Ons vriendin wat die skattejag gereël het, het (volgens die terugvoerstrokies) spesiale vermelding gekry vir haar vindingrykheid om die hele groep te mobiliseer vir ‘n skattejag. Dit het aan die lig gekom dat sy die skat aan haar persoon versteek het. Wie sou dit kon raai?

Na die formaliteite het ons (aanvanklik) onder die bome gekuier om ‘n nageregtafel. Eers het die groep te groot geword vir ‘n kring in die skaduwee en later het die son eenvoudig weg geskuif. In dieselfde tyd is waens een na die ander afgeslaan en weggesleep, tot die laastes van die laastes Maandag daar weg is.

Ons dank ons hemelse Vader dat almal, in persoon, ongedeerd tuis gekom het.

Toekennings

Elzette Jacobs

30 Streek kampe

Pieter en Magdaleen Viljoen

40 Streek kampe en Kamp koördineerders

Johan en Erna la Grange

50 Streek kampe

Dirk en Marlene Maree

40 Streek kampe